HOËRSKOOL
FICHARDTPARK

Geagte Ouers / Voogde

RE: COVID 19

Die President van die Republiek van Suid-Afrika het op Sondag, 15 Maart 2020, 'n Nasionale Ramptoestand vir Suid-Afrika aangekondig. Mnr Cyril Ramaposa het streng maatreëls aangekondig om die Coronavirus Epidemie in Suid-Afrika te bekamp, wat die volgende insluit:

1. Alle skole sal gesluit wees vanaf Woensdag, 18 Maart 2020 tot en met na die Paasnaweek.
2. Byeenkomste van 100 mense of meer is streng verbode.

In die lig van hierdie streng maatreëls, kondig ons as Hoërskool Fichardtpark die volgende aan:

1. Ons skool sluit dus op Woensdag, 18 Maart 2020, om 14:00 en her-open weer op Dinsdag, 14 April 2020.
2. Alle toere, (sport en kultuur)wat sou plaasvind gedurende die Maart vakansie, word met onmiddelike effek gekanselleer of uitgestel, aangesien dit meer as 100 mense per byeenkoms behels.

Ons is almal baie teleurgesteld oor die reëling, maar ag ons leerders se gesondheid as die skool se grootste verantwoordelikheid.

Baie ander besonderhede moet nog gefinaliseer word en ons wag tans vir die persverklaring vanaf die Minister van Onderwys. Nadat die verklaring gelewer is, sal verdere besluite geneem word deur ons Beheerliggaam en so gou moontlik aan alle ouers gekommunikeer word. Die kommunikasiekanale waarvan ons gebruik sal maak is die D6 School Communicator, Facebook, Twitter, Instagram en Whatsapp-boodskappe per graadgroep.

Vriendelike groete,

H Van Der Merwe

Skoolhoof

2020/03/16

W Bekker

Voorsitter: Beheerliggaam

SKOOLHOOF: Mnr Herman vd Merwe
Hudsonrylaan 24 | Fichardtpark | Bloemfontein | 9301 | Posbus 31132 | Bloemfontein | 9317
Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | fichpos@fpark.co.za | www.fpark.co.za